

STUDIEVELD A – SPORTSTORIES

LES 1

Fokus: Luister, vertel en illustreer.

Nota: Versamel inligting en bou kennis op deur middel van kritiese luistervaardigheid. Leesvaardigheid dra by tot visualisering van inligtingstekste; praat gee aanleiding tot die oplos van probleme en die uitdrukking van idees en opinies.




- 1.1 * **Vertel** waarom die illustrasies gaan. Wat sien jy in die detail.
- * **Luister** eers met gespitste ore terwyl iemand vir jou die volgende voorlees. Daarna lees jy dit self hardop voor. Herhaal die woorde waaroor jy nog struikel en lees dit dan vlot voor.

RAPPORT, 11 Desember 2016

SA het 'n nuwe lemnael-held

Jy't bene nodig om te hardloop, sê mense. Aikôna, sê Ntando Mahlangu. Jy't hardebaard nodig om in die grootste arena in jou sport op die rostrum te staan. Van wanneer af, vra Mahlangu.

Dié gemoedelike 14-jarige was die Suid-Afrikaanse sensasie van vanjaar se Paralimpiese Spele, toe hy die silwermedalje in die 200 meter vir mans in die T42-kategorie gewen het.



Mahlangu het net vier jaar gelede self besluit sy bene moet geamputeer word, omdat hy nie meer sy lewe in 'n rolstoel wou slyt nie. Sy ouers was nie mal oor die idee nie, maar het uiteindelik ingestem. En hy het hulle ryklik beloon vir daardie besluit.....



Ntando Mahlangu op pad na sy silwermedalje in die 200 meter vir mans (T42).

Net vyf dae nadat hy die eerste keer kunsbene aangesit het, kon Mahlangu loop. En nie te lank daarna nie het hy begin hardloop. Dit was net 'n kwessie van tyd voordat hy vir ander mense sou begin wéghardloop.

In Rio de Janeiro is die jongeling oor 200 meter net deur een man geklop – 'n 40-jarige Brit met die naam Richard Whitehead. Die ouderdomme van die ses mans wat gestik het in die stof wat Mahlangu in hul oë geskop het, het gewissel van 23 tot 35. Benewens sy Paralimpiese sukses het Mahlangu vanjaar ook twee keer die wêreldrekord in die 400 vir T42-atlete (wat nie by die Spele aangebied is nie) verbeter.

Hy is daarbenewens die Afrika-rekordhouer in die 100m, 200m én 800m.

* **Vertel** nou in jou eie woorde waarom die berig in die koerant gaan.



- 1.2 Weet jy van nog 'n wêreldbekende Suid-Afrikaanse lemnaeloper wat aan die 2012 Paralimpiese Spele deelgeneem het en 'n goue medalje ingepalm het? Indien wel, vertel wat jy weet of uitgevind het.
- 1.3 * **Gesels** oor Ntando se besluit dat sy bene geamputeer moes word. Hoe moeilik of hoe maklik dink jy moes dit gewees het om so 'n besluit te neem?
- * Wat dink jy sou jy in sy situasie gedoen het? Sal dit letterlik of figuurlik (beeldspraak) wees indien mens sou praat van "jou in sy skoene plaas" ?
- 1.4 Lees die volgende uittreksel:

"Sy ouers was nie mal oor die idee nie, maar het uiteindelik ingestem en hy het hulle ryklik beloon vir daardie besluit....."

- * Wat dink jy beteken die laaste deel van die sin na "en"? Is daar geld ter sprake hier?
- * Wat dink jy is die rede hoekom daar nie 'n enkel punt aan die einde van hierdie sin is nie? Bespreek die bedoeling hiervan.
- * Wat dink jy word met die volgende sinne bedoel?

1. *"Dit was net 'n kwessie van tyd voordat hy vir ander mense sou begin wéghardloop."*

2. *"Jy't hardebaard nodig om in die grootste arena in jou sport op die rostrum te staan."*

3. *"Die ouderdomme van die ses mans wat gestik het in die stof wat Mahlangu in hul oë geskop het, het gewissel van 23 tot 35."*



1.5 Lees die gonswoorde wat volg 'n paar maal hardop deur om jou uitspraak te oefen. Maak seker jy weet wat die woorde beteken.

arena('s)
kategorie
geamputeer(de)
kunsbene
benewens
rostrum(s)
gemoedelike
sensasie
jongeling(e)
daarbenewens

1.6 Skryf die koppeltekenwoorde in die leesstuk neer en oefen om hulle te spel byvoorbeeld lag-lag.



- 1.7 Aan watter sport neem jy graag deel / sal jy graag aan wil deelneem en hoekom?
Skryf jou gedagtes kortliks hieronder neer. Illustreer jou keuse in die vierkant daarna
of plak 'n prentjie / prentjies daarvan in.



1.8 Aan watter sportsoort neem jy nie graag deel nie / sal jy nie graag aan wil deelneem nie en hoekom nie? Skryf jou gedagtes kortliks hieronder neer. Illustreer jou keuse in die vierkant daarna of plak 'n prentjie / prentjies daarvan in.

